

inspirasie

leiersgids vir

Jona

oor visse, foute en vergifnis



Linda Rozema
en personeel van Faith Alive

 Bybelkor

Oorspronklik uitgegee deur Faith Alive Christian Resources. Kopiereg © 2010 Faith Alive Christian Resources. Kalamazo Drive SE 2850, Grand Rapids, MI, USA. Kopiereg Afrikaanse weergawe © 2014 Bybelkor. Bybelkor is 'n afdeling van Bybel-Media. Privaatsak X5, Wellington 7654. www.bybelmedia.co.za. Alle regte voorbehou. Met die uitsondering om hierdie materiaal van www.bybelmedia.co.za af te laai vir gebruik om die Bybelstudie *Jona – oor visse, foute en vergifnis* (© 2014 Bybelkor) as groepleier aan te bied, mag geen gedeelte van hierdie dokument sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer gereproduseer of in enige vorms of langs enige elektroniese of meganiese manier weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring of enige ander stelsel van inligtingsbewaring.

Terwyl jy voorberei om die groep te lei

Jy het 'n belangrike taak, ongeag of jy die enigste groepleier tydens hierdie Bybelstudie is en of die groep onderling beurte maak om die Bybelstudie te lei. Doen daarom voorbedding vir jou groeplede en vir nuwe mense wat die Here dalk lei om tydens hierdie Bybelstudie by julle aan te sluit.

Hierdie studiemateriaal is só ontwikkel dat groeplede nie werklik 'n groepleier nodig het nie. Dit wil sê, die groeplede kan grootliks self deur die lesse werk. By sommige gedeeltes van die lesse sal die groepleier se notas hulle egter baie kan help. Ons hoop daarom dat jy die inhoud van hierdie leiersgids sal bestudeer en gebruik wanneer jy voorberei om die groep te lei.

Die vernaamste doelwitte van die groep is om bymekaar te kom om nader aan God en aan mekaar te groei, en om in die geloof opgebou te word sodat elkeen geestelik kan groei om 'n getuie vir die Here te wees (Hand 1:8) en God se liefde en die evangelie met ander mense te deel.

Algemene gesprekswenke en grondreëls vir groepleiers

- In hierdie Bybelstudie is alle vrae wat met die onderwerp verband hou, aanvaarbaar. Die studiestyl is juis só gekies sodat groeplede die Bybel sal ontdek. Dit nooi mense (deelnemers) ook uit om 'n styl te ontwikkel wat

vrae oor die teks vra namate hulle al hoe meer oor die Here leer en nader aan Hom groei.

- Geen vooraf studie van die Bybel is nodig nie. As die Bybel vir sommige of al jou groeplede 'n nuwe ervaring is, sal jy miskien meer tyd saam met hulle wil deurbring sodat hulle nie afgeskeep sal voel of sal ervaar dat hulle nie aan die gesprek kan deelneem nie. Dit beteken jy sal die tydsduur van julle byeenkoms moet aanpas of tyd vir meer byeenkomste moet inruim. Dit sal vir jou die geleentheid skep om saam met die groep deur die studie-inhoud te werk. Die belangrikste is dat nuwelinge in die groep aangemoedig sal word, dat die groep werklik na hulle sal luister, dat hulle versorg sal word en dat hulle genoeg geleentheid sal kry om geestelik te groei. Jy kan hierdie doelwitte deel met dié groeplede wat reeds met die Bybel vertrou is. Moedig almal aan om saam te werk om enige nuwelinge te help om in hulle geloof te groei.
- Namate jy die groeplede beter leer ken, sal jy 'n aanvoeling ontwikkel vir hoeveel klem jy kan lê op vrae wat persoonlike voorbeelde en reaksies vra. Wees hier oop vir die leiding van die Heilige Gees. Dalk sal jy sommige vrae net ligweg moet aanraak, of dit geheel en al moet oorslaan, veral as jy van 'n sensitiewe kwessie in iemand se lewe bewus is (soos 'n abortsie, mishandeling of huweliksontrou). Dit kan

pynlike herinneringe by groeplede wakker maak wanneer julle oor hierdie soort gebeure gesels. Wanneer pynlike sake wel na vore kom, lê klem op God se genade en vergifnis en op sy begeerte om ons te herstel, om vir ons elkeen 'n nuwe lewe in Christus te gee.

- Elke groeplid moet die vertroulikheid binne die groep respekteer. Persoonlike inligting wat met die groep gedeel word, moet binne die groep bly.
- Hierdie studie vereis nie huiswerk of buitemuurse aktiwiteite nie. Groeplede mag natuurlik die Bybel by die huis verder lees en bestudeer en bykomende hulpbronne gebruik om antwoorde op vrae te soek vir die opvolggesprekke, veral wanneer daar taai vrae opduik wat moeilik is om te antwoord.
- As groepleier het jy nie al die antwoorde nie, en as groep sal julle ontdek dat daar op sekere vrae nie klinkklare antwoorde is nie. Let daarop dat die Bybel nie die antwoorde op al ons vrae het nie, maar vir ons genoeg inligting gee om te weet wie God is en waarom Hy 'n gesonde verhouding met ons wil hê.
- Julle almal is deel van die groep om te hoor wat die Bybel sê, nie om te stry oor wat reg en verkeerd is nie. Sommige vrae het dalk nie 'n duidelik regte antwoord nie, en selfs geleerdes verskil dikwels van mekaar oor die interpretasie van gedeeltes wat moeilik is om te verstaan. Onthou, tydens hierdie studie is die oordra van die kerngedagtes en -begrippe die belangrikste.
- Probeer keer dat gesprekke van die spoor af dwaal of verdeeldheid in die groep bring. Leer ken jou groeplede en let op hulle interaksie met mekaar. Wees bedag op vrae (veral by die

gedeelte **Wat beteken dit vir my vandag?**) of onderwerpe wat sommige groeplede kan gebruik om politieke agendas of kontroversiële sake voorop te stel en te bevorder. Indien daar wel vrae na vore kom wat verdeeldheid kan veroorsaak, moedig die groep aan om mekaar se menings en opmerkings te respekteer en op die Heilige Gees staat te maak vir leiding. Dit sal miskien die beste wees om na die volgende vraag of Skrifgedeelte aan te beweeg om almal te help om op die les te bly fokus. Indien dit nodig is, kan jy later gesels met dié groeplede wat sterk menings het en hulle vriendelik aanmoedig om tydens die gesprekke op die Bybelteks en die studie te fokus.

- Baie van die vrae (veral by **Wat beteken dit vir my vandag?**) is bedoel om groeplede te help om die spesifieke gedeelte persoonlik op hulle lewe toe te pas. Bybelstudie is nie bloot 'n intellektuele oefening waartydens ons verwonder staan oor fassinerende inligting in en oor die Bybel nie. Dit is 'n geleentheid vir die Here om ons te leer en persoonlik en as gemeenskap deur die krag van sy Heilige Gees met ons te praat. Ons moet daarom nie net inligting ontvang nie, maar ook verander word. Die uiteindelige doelwit van Bybelstudie is om mense te help om te groei in hulle verhouding met God, met mekaar, met ander mense in die wêreld en met die wêreld wat God geskep het.

Bykomende hulp om lesse aan te bied

Ons hoop dat jy die hulpmiddels op die volgende bladsye nuttig sal kan gebruik wanneer jy hierdie Bybelstudie aanbied en lei. Jy het toestemming om dit, soos nodig, in die groep uit te deel sodat elke groeplid se ervaring van die kleingroepbyeenkomste verhoog kan word.

- Grondreëls vir Bybelstudie in 'n kleingroep
- Belangrike temas in die boek Jona
- “Om die Bybel reg te lees”, geskryf deur Al-Attas Bradford en Mary Hulst, afgedruk met die toestemming van Faith Alive Christian Resources.

Grondreëls vir Bybelstudie in 'n kleingroep

Ons kom ooreen om ...

- na mekaar te luister en vir elkeen kans te gee om te praat.
- mekaar se bydraes te respekteer, mekaar op te bou en na die Heilige Gees op te kyk om ons te lei.
- oop te wees om by mekaar te leer.
- ons ervarings openlik met mekaar te deel in dié mate dat ons gemaklik voel daarmee, terwyl ons ook mekaar se reg op privaatheid en om stil te bly sal erken.
- eenkantgesprekke en onnodige onderbrekings te vermy.
- gesprekke wat van die spoor af dwaal of verdeeldheid skep, te vermy.
- die vertroulikheid binne die groep te respekteer. (Wat ons in die groep vertel of sê, bly in die groep.)

Ons erken dat ...

- niemand al die antwoorde het nie en dat daar op sommige vrae nie bevredigende antwoorde sal wees nie. Die Bybel gee egter steeds vir ons genoeg inligting om te weet wie God is en waarom Hy 'n gesonde verhouding met ons elkeen wil hê.
- Ons almal is hier om te ervaar wat die Bybel vir ons wil sê. Ons doelwit is om die belangrikste gedagtes en begrippe te leer ken sodat ons dit in ons lewe kan toepas en die Here beter kan leer ken. Ons vra ons af: *Wat is die belangrikste ding wat die Here hier vir ons leer? Wat beteken dit vir ons alledaagse lewe?*

Belangrike temas in die boek Jona

Terwyl julle as groep die boek Jona bestudeer, hou gerus die volgende temas in gedagte. Lees weer hierdeur wanneer dit in julle gesprekke opduik.

God is soewerein

Die storie van Jona wys vir ons God is die soewereine Here oor die hele aarde én die Verbondsgod van Israel. Vanaf God se magsvertoontoon oor die wind, die see en 'n geheimsinnige seemonster tot by sy vermoë om mense tot bekering te lei en 'n ramp af te weer – terwyl Hy boonop voortgaan om te werk met 'n hardkoppige en ongehoorsame Jona – sien ons dat God as die almagtige Here, Leerreester, Voorsiener, Bevryder en Genadegewer die hoofkarakter in hierdie boeiende storie is.

God se Woord is vir alle volke

Soos Jona in hierdie storie moes leer, is God se Woord en daarom ook sy genade en liefde vir alle volke beskikbaar, nie net vir die Here se uitverkore volk, die Israeliete, nie. God wil hê almal moet raaksien dat hulle in die sonde vasgevang is, dat hulle hulle moet bekeer en vergifnis moet ontvang sodat hulle die seën van ware lewe kan ontvang – die lewe in volheid vir ewig by God (Eseg 18:30-32; 33:10-11; 1 Tim 2:1-4).

Bekering en God se vergifnis en genade

In Jona se storie vind ons verskeie uitroepe om hulp, genade of vergifnis – en elke keer is dit 'n beroep op God om genadig en barmhartig te wees (Eks 33:19; 34:6-7). Die matrose smeek Jona se God om hulle nie aanspreeklik te hou vir die dood van 'n onskuldige man nie (Jona 1:14). Jona roep om hulp vanuit “diep in die doderyk” (2:2). Die mense van Nineve roep “ernstig tot God” om Hom oor hulle te ontferm en nie meer kwaad te wees nie (3:8-9). In sy barmhartigheid staan God al hierdie versoeke toe. Later konfronteer Hy die hardvotige Jona en bewys sy onverwelklike liefde (*hesed* – sien Ps 103:8, 11, 17; 136:1-16) aan 'n verbondskind van Israel wat nie berou wil toon nie. Ook ons as God se volk van vandag word opgeroep om sy vergifnis en genade teenoor alle ander mense uit te leef, of hulle nou deel is van God se familie of (nog) nie.

God se kommer en sorg

Net soos God se Woord vir alle volke beskikbaar is, is God ook oor alle volke en nasies bekommerd en besorg. Die slotvraag van die boek Jona daag ons, as God se volk vandag, uit om te deel in sy kommer en sorg oor al die volke en nasies van sy aarde – asook vir al die ander wesens en die hele skepping wat Hy gemaak het.

Om die Bybel reg te lees

deur Aminah Al-Attas Bradford en Mary Hurst

Verlede week het 'n kollega by ons kantoor ingestap en gevra: “Presies hoe belangrik is dit om die Bybel te lees?”

Ons reaksie was: “Dit hang af hoeveel jy hoop om verander te word!”

Ons het ook vir ons kollega gesê die voorwaarde vir verandering is dat sy die Bybel *reg* moet lees. Die gedagte om “die Bybel reg te lees” het tot 'n langer gesprek oor Bybelinterpretasie en die gereformeerde benadering daartoe gelei.

Ons kollega het egter 'n innerlike wantroue getoon teenoor die gedagte dat die Bybel geïnterpreteer moet word. “Ek hoef nie die moeite te doen om die Bybel te interpreteer nie,” het sy gesê. “Ek lees dit letterlik en doen wat dit vra.”

Ons gesprek het toe verskuif na die wysheid van *Star Trek: The next Generation*. Data, een van die karakters van hierdie reeks, is 'n produk van kunsmatige intelligensie wat geen emosies toon nie. Data lag nooit vir 'n grap wat op die ruimteskip *Enterprise* vertel word nie, want hy kan dinge slegs letterlik interpreteer. Weens sy letterlike benadering tot alles, verstaan Data nie humor nie. Hy kan hy nie sinspelings of idioome identifiseer nie, en hy mis dikwels die punt van 'n gesprek of ontmoeting. Ons het ons kollega daarop gewys dat 'n letterlike interpretasie soms

tot 'n verkeerde interpretasie kan lei. Dit kan ons van die waarheid af weglei.

Nadat ons haar oortuig het dat goeie interpretasie van die Bybel wel noodsaaklik is, het ons gesprek geswaai na hoe ons die Bybel reg kan lees. Ons het op twee werklikhede klem gelê: Eerstens, die boeke van die Bybel is in spesifieke tye en op spesifieke plekke geskryf; tweedens, hierdie boeke verteenwoordig 'n verskeidenheid literêre genres.

'n Brug oor die historiese kloof

Die boeke van die Bybel kom uit spesifieke tye en vanaf spesifieke plekke. Sommige boeke het al meer as 3 500 jaar gelede ontstaan. Dit beteken nie die Bybel het niks vir ons vandag te sê nie. Die Bybel openbaar aan ons waarhede wat heeltemal relevant is vir ons lewe vandag. Hierdie waarhede kom egter vanuit spesifieke historiese en kulturele situasies na ons toe.

Die Here het menslike woorde in die menslike geskiedenis gebruik om ewige waarhede aan ons oor te dra. As ons wil weet wat 'n teks vandag vir ons beteken, moet ons daarom eers ons bes doen om vas te stel wat dit destyds vir die oorspronklike lesers beteken het.

Dink aan Paulus se waarskuwing aan vroue om nie hulle hare te vleg nie (1 Tim 2:9). Wou hy hiermee vlegsels, poniesterte en rastalokke verbied in die miljoene jare wat nog sou kom? Nee. Wat hy wou sê, is dat vlegsels in daardie spesifieke tyd 'n teken van welvaart was waarmee gelowiges nie in die kerk moes spog nie. Die tydlose waarheid dat Christene nie tydens 'n erediens met hulle rykdom te koop moet loop nie, is beliggaam in 'n historiese omstandigheid. Wanneer ons kan vasstel wat Paulus se woorde vir die Christene van die eerste eeu beteken het, help dit ons om vas te stel wat dit nou vir ons beteken.

Om die historiese kloof na die verlede oor te steek, om die gaping tussen die Bybel en vandag te oorbrug, verg van ons om goeie vrae te vra oor die historiese en kulturele konteks van die Skrifgedeeltes wat ons lees of bestudeer. Dit sluit vrae soos die volgende in:

- Wanneer is hierdie boek geskryf?
- Wat het toe in die wêreld gebeur?
- Wie het hierdie boek geskryf?
- Aan wie het hy of hulle dit geskryf?

Die maklikste manier om hierdie soort inligting te kry, is om 'n goeie Studiebybel te koop. Studiebybels gee gewoonlik hierdie soort agtergrondinligting aan die begin van elke Bybelboek. Dit is ook die moeite werd om 'n goeie "Inleiding tot die Bybel" of Bybelensiklopedie te koop. Raadpleeg hierdie hulpbronne dikwels terwyl jy jou Bybel lees sodat jy antwoorde op die vrae hier bo kan kry.

Deur vrae vanuit die historiese konteks te beantwoord help ons om beter te verstaan wat

die teks vir die eerste lesers kon beteken het en daarom ook wat dit vir ons vandag kan beteken.

Terwyl ons die Bybel lees, is dit goed om te onthou dat die Woord in elke opsig volmaak is, net soos God wou hê dit moes wees. Dit is waar dat sommige van die historiese feite en besonderhede van sekere gedeeltes vir ewig vir ons verlore is, maar ons vertrou dat die Here in sy voorsienigheid gekies het om sy verhaal op hierdie manier aan ons te openbaar. Die feit dat geheimenis en vrae altyd deel van die Bybel sal wees wanneer ons dit lees, is nie die gevolg van nalatigheid aan die Here se kant toe Hy sy Woord vir ons gegee het nie.

Miskien is dit wat Gregorius van Nissa (335-395 nC; Nissa was 'n dorp in Kappadosië, waar Gregorius 'n biskop was) bedoel het toe hy geskryf het: "Konsepte skep afgode – net verwondering bring begrip." Die Bybel is nie soseer daarop ingestel om vir ons waterdigte argumente te gee nie; dit wil eerder aanbidding en verandering by ons ontlok. Dit is waar dat as ons nie iets van die historiese konteks van die Bybel verstaan nie, ons die Bybel waarskynlik nie reg sal interpreteer nie. Maar terselfdertyd moet ons onthou dat enige geheimenis waarmee ons gelaat word nie 'n fout aan die kant van die Bybel is nie, maar 'n uitnodiging om dieper te delf.

Kies 'n genre

Wanneer ons die Bybel lees, moet ons, buiten die historiese konteks, ook rekening hou met die feit dat die Bybel 'n versameling boeke is wat in verskillende genres geskryf is. As die Bybel slegs bestaan het uit stellings om te

oorweeg, te aanvaar of uit te leef, sou 'n letterlike interpretasie die regte pad gewees het. Maar die Here het sy waarheid aan ons oorgedra deur 'n hele paar verskillende genres gebruik, soos poësie, liedere, briewe en verhale. Dit beteken ons moet leer hoe om die Bybel te interpreteer op grond van die genre van die teks wat ons lees.

'n Spreuk verskil byvoorbeeld van 'n belofte. “Gee leiding aan 'n jongmens oor hoe hy moet leef, en hy sal ook as hy al oud is nie daarvan afwyk nie” (Spr 22:6) is 'n riglyn, nie 'n waarborg nie. 'n Gedig wat sê dat God “die aarde ruk, weg van sy fundamente af, en sy pilare bewe” (Job 9:6), is nie 'n geografiehandboek nie. En om 'n brief in die Bybel te lees is soos om iemand anders se persoonlike korrespondensie te lees sonder dat jy die voorafgaande korrespondensie tussen hulle gelees het. Dink hier aan Paulus se vermaning: “Ek vermaan vir Euodia en en ek vermaan vir Sintige om eengesind te wees in die Here” (Fil 4:2). Onthou om jou af te vra: Watter genre lees ek nou? Dit lê die grondslag vir goeie interpretasie.

Lees met die geheel in gedagte

Net so belangrik soos dit is om te onthou dat die Bybel 'n versameling afsonderlike boeke is, vereis goeie interpretasie ook van ons om die Bybel as een groot boek te sien.

Die kerk van Jesus Christus glo God is die skrywer van die Bybel. Ons glo ook die Heilige Gees het die proses gelei om die kanon van die Bybel te vorm (dit is, die besluit watter boeke

deel van die Bybel gaan vorm). Daarom vind ons die waarheid nie net in elke afsonderlike Bybelboek nie, maar ook in die kanon as geheel.

Daar is immers 'n oorkoepelende boodskap of verhaallyn wat deur die hele Bybel weef. Dit begin met die skepping en die sondeval en beweeg tot by die verlossing en die wederkoms, die vervulling van God se plan.

Ons vind die boodskap van die Bybel in die verhaal van God wat skep en red en uiteindelik sy koninkryk op die aarde openbaar. Ons vind dit in die belofte van die Here wat in die Persoon van Jesus Christus deur die geskiedenis heen beweeg om alles wat stukkend is heel te maak. Ons interpretasie moet nooit met die groot verhaal van die Bybel in konflik kom nie.

'n Gesonde manier van Bybellees beteken jy toets jou interpretasie aan hierdie deurlopende verhaallyn. Met ander woorde, die Bybel self interpreteer die Bybel.

Dit gaan nie oor jou nie

Om die Bybel reg te lees is nie bloot 'n uiterlike oefening nie. Eerstens neem ons die aard van die Bybelteks in ag en interpreteer elke gedeelte op grond van die historiese konteks en die genre waarin dit geskryf is.

Tweedens neem ons ook in ag hoe ons is. Ons besef daar is 'n verskil tussen lees om inligting te kry en lees om te verander. Te dikwels verwag ons van die Bybel om iets te wees wat dit nie is nie. Ons lees die Bybel vir wenke om 'n Christelike huwelik te bou. Ons vra van die Bybel om 'n handleiding vir ouers te wees.

Ons vra die Woord om vir ons te sê hoe om die regte werk, die regte universiteit of die regte huis te kies. As ons die Bybel reg wil interpreteer, *moet ons egter dié vrae vra wat dit veronderstel is om te beantwoord.*

Kom ons neem byvoorbeeld die skeppingsverhaal in Genesis 1. Christene het hierdie gedeelte baie lank gebruik om te redeneer oor *wanneer* en *hoe* die wêreld geskep is. Die doel van hierdie gedeelte was egter nog nooit om vir ons antwoorde op hierdie vrae te gee nie. Die historiese en kulturele konteks van Genesis 1 dui daarop dat die skeppingsverhaal gskryf is om die volk Israel (en ons vandag) te help om antwoorde te vind op vrae oor *wie* die wêreld geskep het en *waarom* dit geskep is.

Dit gaan daaroor dat ons die swart én die wit dele van die teks moet lees. Ons moet die woorde wat in swart gedruk is, lees ... maar ons moet ook die leë wit spasies op die bladsy lees. Dit beteken ons moet let op wat ní in die Bybelteks neergeskryf is nie, en ons moet die teks toelaat om stil te wees waar dit wil.

Ons moet ook besef die Bybel is nie 'n towerbal wat ons sommer net kan skud en dan antwoorde verwag nie. Augustinus herinner ons dat ons ons toestand en neigings in gedagte moet hou wanneer ons die Bybel lees. Hy het die Bybel vergelyk met 'n kamer met 'n baie lae deur. Die Bybel is groot en wonderlik en indrukwekkend; daarom moet ons gewillig wees om nederig te wees en laag te buig wanneer ons die wysheid van die Bybelteks wil binnegaan.

Dit beteken ons laat die Bybel toe om ons te verras. Ons gaan nederig in, sonder enige vooraf vasgestelde antwoorde. In die prediking kom dit na vore in 'n prediker wat die teks toelaat om die preek te bepaal, eerder as om sy of haar vooropgestelde idees toe laat om die teks te dwing om iets te sê wat dit nie werklik sê nie. (Tematiese prediking val dikwels in hierdie kategorie.) Net soos ons predikers wil hê wat die teks toelaat om self te praat, wil ons hierdie nederigheid uitleef wanneer ons die Bybel self lees.

Een manier om te weet of jy die Bybel met 'n oop gemoed en met nederigheid lees, is om te kyk of die Here jou siening van wie Hy is en van wie jy is, verander. As die Bybel in werklikheid die "lense van geloof" is, soos Calvyn dit genoem het, moet dit ons siening van die wêreld verander. Wanneer jy 'n bril opsit, weet jy die bril doen sy werk wanneer die dinge wat jy sien, verander. Wanneer jy die Bybel lees en dit het geen impak op hoe jy die dinge rondom jou – gesondheid, seksualiteit, huwelik, geld, tyd, sonde, genade – sien nie, is dit 'n teken dat jou lens (hoe jy die Bybel lees) nie die impak of gesag het wat dit behoort te hê nie.

Om met nederigheid te lees beteken nie om na die Bybel toe te gaan sodat jou idees oor God bevestig kan word nie, maar eerder om God te vra om jou gedagtes deur sy Woord te vorm. Oorweeg dit om die Here te vra om hierdie jaar jou siening van minstens een ding te verander.

Lees saam met ander

Voordat gelowiges elkeen hulle eie eksemplaar van die Bybel gehad het, is die Bybel slegs in groepe gelees of gehoor. Dit bly 'n uitstekende manier om die Woord van die Here opnuut te hoor.

Ons is geneig om dinge anders te hoor wanneer ons die Bybel saam met ander mense lees. 'n Medegelowige kan jou wys op iets in die teks wat jy gemis het.

As jy regtig seker wil maak jy interpreteer nie só dat jy bloot bevestig wat jy reeds glo nie, is dit die beste om die Bybel te lees saam met mense wat nie dieselfde as jy is nie. Lees die Bybel saam met ouer of jonger mense, saam met ryker of armer mense, of saam met mense wat meer stedelik of landelik as jy is. Lees die Bybel saam met mense van 'n ander etniese afkoms as jy, of saam met mense wat aan 'n ander politieke party of 'n ander kerkgenootskap as jy behoort. Hulle kan jou dalk anders na die Bybel laat kyk.

Bid eers

Ons sluit af met die belangrikste riglyn: Bid voordat jy die Bybel lees. Wanneer jy gaan sit om die Bybel te lees – in die oggend voor ontbyt, saans rondom die eettafel saam met jou gesin, in die stilte van jou kantoor, saam met vriende oor koffie – nooi die Heilige Gees om jou te lei. Bid dat jy sal hoor wat die Here vir jou wil sê. Vra dat die Gees gedagtes wat nie van Hom af kom nie, sal uitroei en met die lewenskragtigheid van die lewende Woord sal vervang. Bid vir insig, raad, troos en waarheid, maar bid veral dat jy verander sal word.

Bid dat jy sal hoor wat die Here wil sê, dat die Gees gedagtes wat nie van die Here af is nie, sal uitroei en dit met die lewenskragtigheid van die lewende Woord sal vervang. Bid vir insig, vir raad, vir troos, vir waarheid, maar bid veral dat jy verander sal word.

Aminah Al-Attas Bradford is 'n deeltydse kapelaan vir die inwoners van die Calvin Collge, Grand Rapids, Michigan, VSA.

Dr Mary S Hulst is die kollege-kapelaan by die Calvin College en assistent-professor in Homilietiek aan die Calvin Theological Seminary, Grand Rapids, Michigan, VSA.

